# JEUG ALPHA: Sessie 10 – Hoe kan ek die bose weerstaan?

## 1. PRAISE AND WORSHIP

## 2. YSBREKER:

- Die kinders gaan tou-trek vir die ysbreker
- Die kinders wat bo sit, teen die kinders wat onder sit

## 3. INLEIDING:

Tot dusver het ons gefokus op al die mooi dinge. God se liefde, dat Hy in `n verhouding met ons wil staan en Sy leiding deur die Gees, ens.

Maar as ons om ons rond kyk, na die wêreld om ons en selfs dinge in ons eie lewe, moet ons erken dat daar "evil" in die wêreld is. Vanaand gaan ons `n bietjie kyk na die "evil" en hoe ons dit moet identifiseer en weerstaan.

## 4. VIDEO CLIP:

Vrae tydens die video clip:

**Vraag 1**: If you had the power to solve one of the world's big problems, which problem would you solve and why?
*(As jy die 'power' gehad om een van die wêreld se groot problem op te los, watter een sou dit wees, en hoekom?)*

- Waar en hoe dink jy kan jy die grootste verskil in jou gemeenskap maak?

**Vraag 2**: What are some common lies we believe about ourselves? Or about God?
*(Noem 'n paar algemene leuens wat jy oor jouself en oor God glo)*

**Vraag 3**: What can people do to fight against evil in the world?
*(Wat kan ons doen om teen die bose in die wêreld te veg?)*

## 5. OPSOMMING

**Vraag in die groepe**:

Noem van die taktieke wat die satan gebruik
*(misleiding / twyfel / vrees / leuens / afleiding / skaamte / blameer / skuldgevoelens)*

## Praktiese demonstrasie:

***Reël voor die tyd met twee vrywilligers***. Die een trek 'n wit t-hemp aan, en die ander een 'n swart een. Die een met die swart t-hemp stel satan voor, en die een met die wit 'n kind van die Here. Bind 'n wit lappie in die middel van die tou vas, en kry 'n middel-lyn wat hulle mekaar moet probeer trek.

Die tou-trekkery stel ons geestelike lewe voor, en hoe die satan probeer om ons 'oor die tou', aan SY kant probeer kry. Wanneer die wit lappie aan die satan se kant is, dan het hy met ons reggekry wat

HY wou. En hy doen dit deur vir jou leuens te vertel oor jouself, die mense om jou, oor dit wat hy wil hê jy moet doen, en VERAL oor God. Hy probeer altyd dit wat hy wil hê jy moet doen 'minder erg' laat klink as wat dit eintlik is. So elke keer as die tou bietjie meer in SY rigting gaan, dan wen HY, en verloor JY! Elke keer as die tou in JOU rigting gaan, dan wen JY en verloor HY!!!

## 6. GROEPWERK:

**Bespreek die volgende vrae in die groepe**:

- Hoe kan 'n groep soos ons 'n verskil in ons gemeenskap maak?
- Waar dink julle kom versoeking vandaan?
- Hoe weerstaan jy versoeking?
- Wanneer jy toegee aan vesoekings, hoe voel jy na die tyd?
- Hoe sal julle die duiwel se taktiek van beskuldigings beskryf, gee so paar voorbeelde daarvan.
- Wat dink julle van die idee van "oorwin kwaad deur goed"?

## 7. Sluit af met gebed